NASPERS BEPERK
+27 (0)21 406 2121
Heerengracht 40
Kaapstad 8001

www.naspers.com

NASPERS

NASPERS

Opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate vir die jaar tot 31 Maart 2017

KOMMENTAAR

Naspers het positiewe resultate behaal vir die jaar tot 31 Maart 2017. Tencent het sterk verdienste aangeteken, terwyl die groep die skaal van sy e-handelondernemings verder uitgebrei het. Videovermaak het meer volwasse en meer mededingend geraak. Teen hierdie agtergrond het kernwesensverdienste met 41% tot VS$1.8mjd gestyg.

Die internetsegment het uitgebrei – veral geklassifiseerde advertensies, betalings en reisportale, wat almal goed veld gewen het. Hierdie ondernemings is gedurende die jaar verder versterk deur bykomende beleggings om hul skaal uit te brei en te groei. Dit sluit in verdere beleggings in die slegs-mobiele toepassing geklassifiseerdeadvertensie-platform, letgo, die verkryging van Citrus Pay in die Indiese aanlynbetalingsmark en die samesmelting van die groep se ibibo-platform met MakeMyTrip in Indië. Danksy bydraes van Tencent en e-handel het groepomset (gemeet op die grondslag van ekonomiese belang) met 19% gegroei tot VS$14.6mjd (of 29% in plaaslike geldeenheid-terme, aangepas vir verkrygings en verkope).

Die videovermaaksegment moes steeds die uitwerking van swakker Afrika-geldeenhede en hoër inhoudkoste die hoof bied. Dit het 'n effense daling in jaar tot jaar-omset en beduidende druk op winsgewendheid geplaas, hoewel die besigheid veral buite Suid-Afrika sterk intekenaargroei aangeteken het.

Buitelandse valuta affekteer die groep se segmente in wisselende mate. In videovermaak het swak geldeenhede 'n groot impak op verdienste (gegewe prysbepaling in plaaslike geldeenhede, maar 'n hoë Amerikaanse dollar-kostebasis). In die internetsegment word die impak versag deur die geografiese verspreiding van die ondernemings en 'n kostebasis wat oor die algemeen op plaaslike geldeenhede berus.

Waar toepaslik in hierdie verslag, het ons bedrae en persentasies aangepas vir die uitwerking van wisselkoersbewegings asook verkrygings en verkope. Sodanig aangepaste items (pro forma- finansiële inligting) word tussen hakies aangedui ná die ekwivalente maatstaf wat kragtens Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) gerapporteer is. 'n Rekonsiliasie van die pro forma-finansiële inligting met die ekwivalente IFRS-maatstaf word in aantekening 16 van hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate verskaf.

Tensy anders vermeld, is die volgende finansiële kommentaar en segmentele oorsig op die grondslag van ekonomiese belang opgestel (dit sluit gekonsolideerde filiale en 'n proporsionele konsolidasie van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings in).

FINANSIËLE OORSIG

Gekonsolideerde omset (dus ekwiteitsverantwoorde maatskappye uitgesluit) het met 3% (13%) toegeneem, hoofsaaklik danksy sterk prestasie deur die e-handelondernemings, wat met 11% (32%) gegroei het. Beduidende verkope gedurende die jaar, vernaamlik die Allegro-besigheid in Pole en die Tsjeggiese e-handeleenhede, Netretail en Heureka, het omset verminder. Verder het die samesmelting van die aanlynreisbesigheid ibibo met MakeMyTrip in Januarie 2017 daartoe gelei dat die groep se reisbesigheid nie meer gekonsolideer word nie. Vanaf die 2018- finansiële jaar sal die groep ekwiteitsverantwoord word vir sy aandeel van die resultate van MakeMyTrip, met sy aandeelhouding van 40% in die saamgesmelte besigheid.

Gekonsolideerde ontwikkelingsbesteding het met 22% (13%) tot VS$861m toegeneem namate letgo, Showmax en die reisbesigheid hul groei versnel het. Totale gekombineerde ontwikkelingsbesteding aan hierdie ondernemings het VS$427m bedra. Indien versnelde investering in hierdie ondernemings buite rekening gelaat word, het ontwikkelingsbesteding met 16% afgeneem weens verskeie e-handelondernemings, waaronder geklassifiseerde advertensies en die besigheid-na-verbruiker-ondernemings (B2C), wat winsgewendheid verbeter het.

Die groep se handelswins, gemeet op die grondslag van ekonomiese belang, het met 22% (37%) tot VS$2.7mjd gestyg, danksy sterk groei van Tencent en 'n vernouing van handelsverliese in die B2C-besigheid. Dit is teengewerk deur hoër ontwikkelingsbesteding en 'n bedryfsverlies van die videovermaakonderneming in Afrika suid van die Sahara.

IFRS-bedryfsverliese was hoër op VS$360m, hoofsaaklik weens die uitwerking van valutaswakheid en hoër inhoudkoste in die videovermaaksegment.

Die groep se aandeel van ekwiteitsverantwoorde resultate het jaar tot jaar met 42% gegroei tot VS$1.8mjd. Dit sluit eenmalige wins van VS$381m en waardedalingsverliese van VS$268m in wat deur geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings erken is. Geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings se bydrae tot kernwesensverdienste was 50% hoër op VS$2.4mjd na aansuiwering vir hierdie eenmalige items.

Netto rentekoste op lenings was 17% laer op VS$142m, as gevolg van laer aanwending van kredietfasiliteite en, tot 'n mindere mate, kontant behou ná die VS$3.2mjd Allegro-vervreemding. Gevolglik het die groep teen jaareinde 'n netto kontantsaldo van VS$1.1mjd gehad.

Die kombinasie van hoër ontwikkelingsbesteding en 'n laer winsbydrae deur die videovermaakbesigheid het tot 'n gekonsolideerde vrye kontantuitvloei van

VS$125m gelei. Dit is gedeeltelik teengewerk deur hoër dividendinkomste vanaf Tencent en verbeterde bedryfskapitaal.

Die maatskappy se eksterne ouditeur het nie enige vooruitskattings in hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate nagegaan of daaroor verslag gedoen nie.

SEGMENTELE OORSIG

Internet

Hierdie segment het stewige groei getoon met omset jaar tot jaar 29% (41%) hoër op VS$10.6mjd. Internetsegment handelswins, in die besonder aangevuur deur Tencent se uitstekende resultate en 'n toename in die winsgewendheid van die meer volwasse e-handelsbates, het met 52% (65%) gegroei tot VS$2.5mjd. Teen jaareinde was hierdie segment se bydrae 73% van Naspers se totale omset, gemeet op die grondslag van ekonomiese belang, teenoor 67% die vorige jaar.

e-Handel

Groei in die e-handelsegment het gesorg vir 'n styging van 11% (27%) in omset tot VS$2.9mjd. Handelsverliese het jaar tot jaar met 5% toegeneem, as gevolg van die groep se belegging om letgo groter skaal te gee en die voortgesette uitbreiding van die aanlynreisbesigheid se hotelsegment. Die groep het nou 21 winsgewende e-handelondernemings, met uitsluiting van dié wat gedurende die jaar verkoop is, wat omset van VS$699m en handelswins van VS$229m gelewer het.

Geklassifiseerde advertensies het goed gevaar en omset met 96% (64%) tot VS$426m opgestoot. In Rusland het Avito sterk omset gelewer in die eerste volle jaar van gekonsolideerde resultate. Groei het ook in Europese markte versnel danksy verhoogde monetisering, met Pole, die Oekraïne, Roemenië en Portugal aan die voorpunt.

In Mei 2016 is die Amerikaanse werksaamhede van letgo met Wallapop saamgesmelt, en aandeelhouers het 'n kollektiewe VS$100m in die gekombineerde besigheid belê. Na lewendige gebruikeraktiwiteit ná die samesmelting, is 'n addisionele VS$175m deur die besigheid verkry om letgo se mededingende posisie te verstewig. Resultate tot dusver is bemoedigend en investering in die Amerikaanse mark en elders sal etlike jare voortgaan.

Sterk vordering is gemaak in ander geklassifiseerde-advertensie-markte, terwyl OLX daarin belê het om sy mobiele produkreeks te verbeter en groter sinergieë tussen produk- en tegnologieplatforms te verkry. As letgo buite rekening gelaat word, het handelsverliese aansienlik gedaal.

In die B2C-besigheid is inkomstegroei gedryf deur eMAG, wat omset met 35% verbeter het en markaandeel in Roemenië, Bulgarye en Hongarye verhoog het. In Roemenië, wat die grootste bydrae tot eMAG se inkomste gelewer het, het die groeiende privaatnaam-besigheid sterk marges getoon en die maatskappy het kontantvloei uit bedryfskapitaalbestuur verbeter.

Die groep se Indiese e-kleinhandelgeassosieerde, Flipkart, bly 'n groot geleentheid met die aanlynkleinhandelmark in Indië wat na markramings teen 2020 VS$50mjd sal bereik. Mededinging het die afgelope jaar toegeneem en Amazon het vroeg in die jaar markaandeel gewen. Flipkart het sy leiersposisie behou en onlangse markaandeeltendense dui op winste.

Twee verdere beduidende transaksies het plaasgevind ten opsigte van die groep se ekwiteitsverantwoorde e-kleinhandelbeleggings. In Maart 2017 het die groep 'n ooreenkoms geteken vir die verkoop van sy belang in Souq, in die Midde-Ooste, aan Amazon. In April 2017, ná die jaareinde, het die groep ooreengekom om, onderhewig aan regulatoriese goedkeuring, VS$73m in Takealot te belê.

In Januarie 2017 het die groep die samesmelting van sy aanlynreisbesighede, ibibo en redBus, met die Nasdaq-genoteerde MakeMyTrip voltooi en daarmee Indië se voorste aanlynreisbesigheid tot stand gebring. Ná die samesmelting besit Naspers 'n ten volle verwaterde belang van 40% in MakeMyTrip. Vir die befondsing van verdere uitbreiding het die groep ná die jaareinde nog VS$132m in MakeMyTrip belê.

In Pole is die verkoop van Allegro en Ceneo in Januarie 2017 beklink, met 'n netto opbrengs van VS$3.2mjd. Hierdie ondernemings het omset van VS$327m en handelswins van VS$137m tot die jaarresultate bygedra.

Die betalingsonderneming het lewendige jaar tot jaar-omsetgroei van 33% (32%) getoon. Ses markte wat deur PayU bedien word, het bedryfsgroei van meer as 50% aangeteken. Die totale betalingsvolume was meer as V$16mjd en 36% meer as verlede jaar, met meer as 400m transaksies wat oor hierdie tydperk verwerk is.

Die verkryging van Citrus Pay in Indië het PayU se posisie gekonsolideer en sal hom in staat stel om 'n e-handelfranchise te skep en terselfdertyd vertikale markposisies in die lugdiens- en telekommunikasiebedrywe uit te brei.

Ná die jaareinde het PayU €110m belê in Kreditech – 'n toonaangewende tegnologiegroep vir digitale verbruikerskrediet. Hierdie transaksie kombineer PayU se sterk internasionale voetspoor met Kreditech se tegnologie om innoverende kredietdienste beskikbaar te stel aan markte wat onderbedien is.

Soos voorheen gerapporteer, het Naspers Ventures – wat toegespits is om nuwe groeigeleenthede vir die groep te identifiseer – 'n aantal beleggings in opvoedkundige tegnologiemaatskappye aangegaan.

Movile se filiaal iFood, die Latyns-Amerikaanse aanlynkosaflewerings-besigheid wat hoofsaaklik in Brasilië bedryf word, het uitstekende vordering getoon met 'n jaar tot jaar-versnelling van 164% in bestellings. iFood se omset was 229% hoër en handelswins 156%. Die groep se aanlynkosaflewerings-portefeulje is ná die jaareinde versterk met 'n belegging van €387m in Delivery Hero, wat gemeet aan bestellings, die grootste aanlynkosaflewerings-maatskappy in die wêreld is.

Tencent

Vir die jaar geëindig Desember 2016 was Tencent se omset jaar tot jaar 48% hoër op RMB151.9mjd. Wins op 'n nie-AARP-grondslag toeskryfbaar aan aandeelhouers (Tencent se maatstaf van genormaliseerde prestasie) het met 40% tot RMB45.4mjd toegeneem.

QQ en Weixin het hul posisies versterk as die alomteenwoordige sosiale platforms vir gebruikers in China om te kommunikeer, sosialiseer en aanlyninhoud en -dienste te gebruik. Weixin het aanhou ontwikkel as 'n 'super-app'. Maandelikse aktiewe gebruikers op Weixin en WeChat het met 28% toegeneem tot 889m. Tencent het verskeie suksesvolle self-ontwikkelde en gelisensieerde speletjies bekendgestel en sy posisie as 'n vooraanstaande internasionale speletjiesmaatskappy uitgebrei deur in maatskappye soos Supercell en Paradox te belê. Die gewildheid van sy digitale inhoudplatforms en ook die aantal betalende gebruikers het toegeneem.

Vooruitskouend sal Tencent daarop fokus om sy gebruikers voortreflike ervarings te gee en om besigheidsgeleenthede vir sy ekosisteem-vennote te skep deur die implementering van sy 'konneksie'-strategie. Beduidende investering in innoverende, voorpunt-tegnologieë (wolkdienste en kunsmatige intelligensie ingesluit) en vennootskappe sal voortgaan terwyl Tencent hom vir langtermyngroei posisioneer.

Omvattende inligting oor Tencent se resultate is beskikbaar by www.tencent.com/en-us/ir.

Mail.ru

Mail.ru se omset vir die jaar tot Desember 2016 was 15% hoër op RBL42.8mjd, wat die resultate van die jongste verkrygings Pixonic en Delivery Club (die aanlynkosbestelling-besigheid in Rusland) insluit. Aanlynspeletjies en -advertensies was die kernaandrywers tot omset. Warface bly Mail.ru se grootste speletjie, gevolg deur Pixonic se War Robots. Mail.ru het sterk advertensie-inkomstegroei in die mobiele afdeling aangeteken, veral van VKontakte en teikengerigte invoerformate.

Die groep se saamgevoegde segment-EBITDA (Mail.ru se maatstaf van genormaliseerde prestasie) was 1% laer op RBL17.9mjd, hoofsaaklik as gevolg van 'n eenmalige belasting op toegevoegde waarde.

Teen die einde van sy finansiële jaar het Mail.ru 'n aantal verkrygings aangegaan met die doel om sy ekosisteme uit te brei en sy gebruikerbasis ten beste te benut, vernaamlik Pixonic en Delivery Club. Hierdie besighede het die potensiaal om volgehoue omsetgroei en winsgewendheid oor die lang termyn te onderhou.

Meer inligting oor Mail.ru se resultate is beskikbaar by https://corp.mail.ru/en/investors/.

Videovermaak

Moeilike ekonomiese omstandighede het verlede jaar tot beduidende intekenaarverliese gelei, maar in 2017 was daar 'n terugkeer na matige intekenaargroei. 'n Waardestrategie was suksesvol om die besigheid op die lang termyn uit te brei. Dit was gefokus op boeketstrukturering en die vermindering van inhoud wat nie goed vaar nie, bestendige intekenpryse in sleutelmarkte, beter fokus op en behoud van klante, die verlaging van dekodeerderpryse en regskikking van werksaamhede. Hierdie inisiatiewe het gesorg vir netto direk-na-huis- oftewel DTH-intekenaargroei van 935 000 huise, teenoor slegs 38 000 in die vorige jaar. Altesaam 597 000 digitale terrestriële televisie (DTT)-intekenare is by die basis gevoeg, wat die gekombineerde basis (DTT en DTH) teen jaareinde op 11.9m huishoudings te staan gebring het. Die DTT-besigheid het verder gegroei, ondanks die feit dat analoog-afskakelings nie soos verwag gemagtig is nie. Ontwikkeling van die DTT-inhoud en verbeterde behoudvermoëns het tot sterk groei gedurende die jaar bygedra. Hierdie besigheid sal dus nie by toekomstige ontwikkelingsbesteding ingesluit word nie.

Op 'n makro-ekonomiese vlak het trae ekonomiese groei en voortgesette wisselkoers-swakheid daartoe bygedra dat videovermaakinkomste jaar tot jaar effens afgeneem het tot VS$3.4mjd (dit het egter 7% gestyg as die wisselkoers-impak buite rekening gelaat word). In reaksie op die styging in inhoudkoste as gevolg van groter mededinging probeer die besigheid nie-noodsaaklike inhoud verwyder of herbeding. Handelswins van VS$287m het jaar tot jaar met 53% (32%) gedaal weens die impak van wisselkoers-swakheid in die hoofbedryfsmarkte, waar klante se rekeninge in die plaaslike geldeenheid uitgereik word, maar die grootste deel van die kostebasis in Amerikaanse dollar gedenomineer is. Met inagneming van die hoë vastekoste-basis is voortgesette intekenaargroei deurslaggewend om winsgewendheid te verbeter.

Likiditeit in Nigerië, Angola en Mosambiek bly steeds stram, met beperkte beskikbaarheid van buitelandse valuta. Teen jaareinde het ons kontantsaldo's van VS$289m in hierdie lande gehad wat aan valutadepresiasie blootgestel is. Ons kon tot 31 Maart 2017 VS$133m onttrek. Ná die jaareinde kon ons 'n verdere VS$113m onttrek tot en met 31 Mei 2017.

Die video-op-aanvraag-intekendiens, Showmax, het sy eerste volle bedryfsjaar voltooi en 'n hoogtepunt bereik met sy bekendstelling in Pole in Februarie 2017. Showmax is nou ten volle aangepas vir die plaaslike mark in Suid-Afrika, Kenia en Pole, en is in meer as 60 ander lande beskikbaar. Gekonsolideerde ontwikkelingsbesteding vir die videovermaaksegment het VS$102m (2016: VS$85m) bedra – 20% meer op 'n jaar tot jaar-grondslag. Groter investering in Showmax is teengewerk deur die skaaluitbreiding van die DTT-platform.

Regulasies in die videovermaaksegment word deurentyd hersien en ons gaan voort om met reguleerders op die hele vasteland te skakel.

Media

Hoewel beduidende groei van 14% (16%) in die e-handel- en digitale segmente van ons mediaondernemings aangeteken is, het totale omset met 3% (1%) tot VS$588m gedaal. Afgesien van die voortgesette uitdagings daargestel deur strukturele veranderings in die drukmediabedryf, moet die segment ook steeds strawwe makro-ekonomiese toestande die hoof bied weens 'n swak Suid-Afrikaanse rand. Verbruikersbesteding was ingeperk, met die gevolg dat inkomste uit intekening en advertensies laag was. Die fokus bly op herstrukturering van die volwasse drukondernemings, oorskakeling van gebruikers na digitale platforms en skaaluitbreiding van e-handelbelange, en terselfdertyd 'n beperking van koste.

Vooruitsigte

Gedurende die 2018- finansiële jaar sal die groep die skaal van sy e-handelondernemings verder uitbrei om winsgewendheid en kontantskepping te verhoog. Die meer volwasse besighede – media en videovermaak – sal op die bestuur van makro-ekonomiese en sektorhindernisse fokus deur voortdurend koste te beperk. Mededinging van globale platforms neem toe in al die markte waar Naspers bedrywig is, en die groep sal hierop reageer deur voort te gaan om bestaande ondernemings te vernuwe en te transformeer, en te belê om die volgende groeistuwing voort te dryf.

DIVIDEND NOMMER 88

(alle syfers in Suid-Afrikaanse sent)

Die direksie beveel aan dat die jaarlikse bruto dividend met 12% tot 580 sent (voorheen 520 sent) per genoteerde N- gewone aandeel verhoog word, en 116 sent (voorheen 104 sent) per ongenoteerde A- gewone aandeel. Indien dit by die algemene jaarvergadering op Vrydag 25 Augustus 2017 deur aandeelhouers goedgekeur word, sal dividende betaalbaar wees aan aandeelhouers wat op Vrydag 15 September 2017 in die boeke aangeteken is, en betaal word op Maandag 18 September 2017. Die laaste dag vir verhandeling met dividend is Dinsdag 12 September 2017 (aandele verhandel dus sonder dividend vanaf Woensdag 13 September 2017). Geen aandelesertifikate mag vanaf Woensdag13 September 2017 tot Vrydag 15 September 2017, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie. Die dividend sal uit inkomstereserwes verklaar word. Dit sal dus onderhewig wees aan die dividendbelastingkoers van 20% (voorheen 15%), wat sal lei tot 'n netto dividend van 464 sent per genoteerde N- gewone aandeel en 93 sent per ongenoteerde A- gewone aandeel vir aandeelhouers wat nie van dividendbelasting vrygestel is nie. Dividendbelasting sal 116 sent per genoteerde N- gewone aandeel bedra, en 23 sent per ongenoteerde A- gewone aandeel. Die uitgereikte gewone aandelekapitaal soos op 23 Junie 2017 was 438 265 253 N- gewone aandele en 907 128 A- gewone aandele. Die maatskappy se inkomstebelasting-verwysingsnommer is 9550138714.

DIREKSIE

Emilie Choi is vanaf 21 April 2017 as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur aangestel.

Haar ervaring sluit verbruikersinternet, media, sagteware-as-'n-diens (SaaS), asook samesmeltings en verkrygings in. Sy is onderpresident en hoof van korporatiewe ontwikkeling by LinkedIn en het 'n MBA-graad van die universiteit van Pennsilvanië en 'n BA (ekonomie) van Johns Hopkins-universiteit.

VOORBEREIDING VAN DIE OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE RESULTATE

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate is opgestel onder toesig van die finansiële direkteur, Basil Sgourdos GR(SA). Hierdie resultate is op 23 Junie 2017 bekendgemaak.

Namens die direksie

Koos Bekker
Voorsitter

Bob van Dijk
Uitvoerende hoof

Kaapstad
23 Junie 2017

Opgesomde gekonsolideerde inkomstestaat

vir die jaar tot 31 Maart

	Aantekeninge	**2017 VS$'m**	2016 VS$'m	%-verandering
Omset		**6 098**	5 930	3
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop		**(3 574)**	(3 392)	
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes		**(2 827)**	(2 423)	
Ander netto (verliese)/winste	7	**(57)**	(292)	
Bedryfsverlies		**(360)**	(177)	(>100)
Rente ontvang	5	**70**	40	
Rente betaal	5	**(278)**	(292)	
Ander netto finansierings(koste)/-inkomste	5	**(259)**	(100)	
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate	6	**1 829**	1 289	
Waardedaling in ekwiteitsverantwoorde beleggings		**–**	(55)	
Verwaterings(verlies)/-wins van ekwiteitsverantwoorde beleggings		**(119)**	104	
Wins met verkrygings en verkope		**2 169**	452	
Wins voor belasting	7	**3 052**	1 261	142
Belasting		**(244)**	(260)	
Wins vir die jaar		**2 808**	1 001	181
Toeskryfbaar aan:				
Aandeelhouers van die groep		**2 921**	994	
Nie-beherende belang		**(113)**	7	
		2 808	1 001	
Kernwesensverdienste vir die jaar (VS$'m)	4	**1 752**	1 246	41
Kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**406**	298	36
Ten volle verwaterde kernwesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**399**	292	37
Wesensverdienste vir die jaar (VS$'m)	4	**772**	701	10
Wesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**179**	168	7
Ten volle verwaterde wesensverdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**173**	162	7
Verdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**677**	238	185
Ten volle verwaterde verdienste per N- gewone aandeel (VS-sent)		**670**	232	189
Netto getal aandele uitgereik ('000)				
– Aan die einde van die jaar		**431 540**	431 085	
– Geweegde gemiddelde vir die jaar		**431 207**	417 575	
– Ten volle verwaterde geweegde gemiddelde		**432 684**	419 208	

Opgesomde gekonsolideerde staat van omvattende inkomste
vir die jaar tot 31 Maart

	2017	2016
	VS$'m	VS$'m
Wins vir die jaar	**2 808**	1 001
Totale ander omvattende inkomste, netto van belasting, vir die jaar[1]	**1 545**	374
Omrekening van buitelandse bedrywighede[2]	**326**	(309)
Netto billike waarde (verliese)/winste	**(1)**	11
Kontantvloeiskanse	**(85)**	42
Belang in ekwiteitsverantwoorde beleggings se ander omvattende inkomste en reserwes	**1 293**	633
Belasting op ander omvattende inkomste	**12**	(3)
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**4 353**	1 375
Toeskryfbaar aan:		
Aandeelhouers van die groep	**4 492**	1 406
Nie-beherende belang	**(139)**	(31)
	4 353	1 375

Aantekeninge

[1] *Hierdie komponente van ander omvattende inkomste kan in 'n toekomstige tydperk na wins of verlies geherklassifiseer word, behalwe wins van VS$292m (2016: VS$387m) wat by die "Belang in ekwiteitsverantwoorde beleggings se ander omvattende inkomste en reserwes" ingesluit is.*

[2] *Die beweging in die groep se buitelandse valutaomrekeningsreserwe hou hoofsaaklik verband met die uitwerking van buitelandse valutaskommelings in verband met die omrekening van die groep se beleggings in buitelandse bedrywighede.*

Opgesomde gekonsolideerde staat van veranderings in ekwiteit
vir die jaar tot 31 Maart

	2017 VS$'m	2016 VS$'m
Saldo aan die begin van die jaar	**10 654**	6 903
Veranderings in aandeelkapitaal en -premie		
Beweging in tesourie-aandele	**(77)**	(68)
Aandelekapitaal en -premie uitgereik	**56**	2 300
Veranderings in reserwes		
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**4 492**	1 406
Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**(376)**	120
Beweging in bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**47**	9
Direkte beweging in behoue verdienste en ander bewegings	**720**	–
Dividende aan Naspers-aandeelhouers betaal	**(158)**	(161)
Veranderings in nie-beherende belang		
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**(139)**	(31)
Dividende aan nie-beherende aandeelhouers betaal	**(116)**	(125)
Beweging in nie-beherende belang in reserwes	**258**	301
Saldo aan die einde van die jaar	**15 361**	10 654
Bestaande uit:		
Aandelekapitaal en -premie	**4 944**	4 965
Behoue verdienste	**9 496**	6 110
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**1 147**	1 231
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(137)**	(184)
Verskansingsreserwe	**(30)**	35
Waardasiereserwe	**1 387**	573
Buitelandse valutaomrekeningsreserwe	**(1 849)**	(2 476)
Nie-beherende belang	**403**	400
Totaal	**15 361**	10 654

Opgesomde gekonsolideerde staat van finansiële posisie
soos op 31 Maart

	Aantekeninge	**2017 VS$'m**	2016 VS$'m
Bates			
Nie-bedryfsbates		**16 291**	13 486
Eiendom, aanleg en toerusting		**1 638**	1 443
Klandisiewaarde	8	**2 442**	2 818
Ander ontasbare bates		**1 104**	1 190
Beleggings in geassosieerdes	9	**10 784**	7 625
Beleggings in gesamentlike ondernemings	9	**79**	218
Ander beleggings en lenings	9	**82**	57
Ander debiteure		**32**	20
Afgeleide finansiële instrumente		**2**	–
Uitgestelde belasting		**128**	115
Bedryfsbates		**5 639**	3 237
Voorraad		**154**	194
Program- en rolprentregte		**193**	160
Handelsdebiteure		**420**	393
Ander debiteure en lenings		**456**	491
Afgeleide finansiële instrumente		**6**	59
Kontant en kontantekwivalente		**4 007**	1 714
		5 236	3 011
Bates geklassifiseer as gehou vir verkoop	11	**403**	226
Totale bates		**21 930**	16 723
Ekwiteit en verpligtinge			
Aandelekapitaal en reserwes		**14 958**	10 254
Aandelekapitaal en -premie		**4 944**	4 965
Ander reserwes		**518**	(821)
Behoue verdienste		**9 496**	6 110
Nie-beherende aandeelhouersbelang		**403**	400
Totale ekwiteit		**15 361**	10 654
Nie-bedryfslaste		**3 641**	4 023
Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge		**1 142**	771
Laste – rentedraend		**2 198**	2 922
– nie-rentedraend		**9**	8
Ander nie-bedryfslaste		**–**	3
Nadiens mediese verpligting		**14**	13
Afgeleide finansiële instrumente		**13**	20
Uitgestelde belasting		**265**	286
Bedryfslaste		**2 928**	2 046
Korttermyngedeelte van langtermynverpligtinge		**915**	227
Handelskrediteure		**487**	437
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste		**1 333**	1 253
Afgeleide finansiële instrumente		**119**	31
Bankoortrekkings en opvraagbare lenings		**4**	1
		2 858	1 949
Laste geklassifiseer as gehou vir verkoop	11	**70**	97
Totale ekwiteit en verpligtinge		**21 930**	16 723
Netto batewaarde per N- gewone aandeel (VS-sent)		**3 466**	2 379

Opgesomde gekonsolideerde staat van kontantvloei
vir die jaar tot 31 Maart

	2017 VS$'m	2016 VS$'m
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Kontantvloei uit bedrywighede	**294**	454
Finansieringsinkomste ontvang	**63**	46
Dividende ontvang van beleggings en ekwiteitsverantwoorde maatskappye	**193**	146
Finansieringskoste betaal	**(257)**	(246)
Belasting betaal	**(333)**	(322)
Netto kontant (aangewend in)/gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	**(40)**	78
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		
Verkrygings en vervreemdings van tasbare en ontasbare bastes	**(173)**	(228)
Verkrygings van filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	**(397)**	(1 426)
Vervreemdings van filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	**3 383**	289
Kontantbewegings in ander beleggings en lenings	**1**	(19)
Netto kontant gegenereer uit/(aangewend in) beleggingsaktiwiteite	**2 814**	(1 384)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Opbrengs uit aandele-uitgifte	**–**	2 470
Opbrengs uit lang- en korttermynlenings aangegaan	**584**	2 000
Terugbetalings van lang- en korttermynlenings	**(602)**	(2 270)
Uitvloei van aandeelgebaseerde transaksies	**(36)**	(13)
Dividende betaal deur die beheermaatskappy en sy filiale	**(281)**	(254)
Ander bewegings in finansieringsaktiwiteite	**(76)**	(41)
Netto kontant (aangewend in)/gegenereer uit finansieringsaktiwiteite	**(411)**	1 892
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente	**2 363**	586
Valutaomrekeningseffek op kontant en kontantekwivalente	**(50)**	(73)
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	**1 713**	1 200
Kontant en kontantekwivalente geklassifiseer as gehou vir verkoop	**(23)**	–
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**4 003**	1 713

Segmentele oorsig
vir die jaar tot 31 Maart

	Omset		
	2017 VS$'m	2016 VS$'m	% – verandering
Internet	**10 621**	8 237	29
– e-Handel	**2 929**	2 647	11
– Tencent	**7 506**	5 417	39
– Mail.ru	**186**	173	8
Videovermaak	**3 401**	3 413	–
Media	**588**	608	(3)
Korporatiewe dienste	**2**	1	100
Intersegmenteel	**(50)**	(35)	(43)
Ekonomiese belang	**14 562**	12 224	19
Minus: Ekwiteitsverantwoorde beleggings	**(8 464)**	(6 294)	(34)
Gekonsolideer	**6 098**	5 930	3

	EBITDA[1]		
	2017 VS$'m	2016 VS$'m	% – verandering
Internet	**2 706**	1 845	47
– e-Handel	**(682)**	(648)	(5)
– Tencent	**3 312**	2 415	37
– Mail.ru	**76**	78	(3)
Videovermaak	**520**	799	(35)
Media	**40**	52	(23)
Korporatiewe dienste	**(14)**	(12)	(17)
Ekonomiese belang	**3 252**	2 684	21
Minus: Ekwiteitsverantwoorde beleggings	**(3 180)**	(2 261)	(41)
Gekonsolideer	**72**	423	(83)

	Handelswins		
	2017 VS$'m	2016 VS$'m	% – verandering
Internet	**2 454**	1 619	52
– e-Handel	**(731)**	(693)	(5)
– Tencent	**3 125**	2 246	39
– Mail.ru	**60**	66	(9)
Videovermaak	**287**	610	(53)
Media	**19**	29	(34)
Korporatiewe dienste	**(14)**	(12)	(17)
Ekonomiese belang	**2 746**	2 246	22
Minus: Ekwiteitsverantwoorde beleggings	**(2 960)**	(2 067)	(43)
Gekonsolideer	**(214)**	179	(220)

Aantekening
[1] EBITDA verwys na verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie.

Rekonsiliasie van handels(verlies)/-wins na bedryfsverlies
vir die jaar tot 31 Maart

	2017 VS$'m	2016 VS$'m
Handels(verlies)/-wins	**(214)**	179
Finansieringskoste op transpondeerder-bruikhuurkontrakte	**46**	33
Amortisasie van ander ontasbare bates	**(99)**	(68)
Ander netto (verliese)/winste	**(57)**	(292)
Retensie-opsie-uitgawe	**(1)**	(2)
Tesourie-aandeelvereffende aandeelskemakoste	**(35)**	(27)
Bedryfsverlies	**(360)**	(177)

Aantekening
Vir 'n rekonsiliasie van bedryfsverlies na wins voor belasting, sien die opgesomde gekonsolideerde inkomstestaat.

Aantekeninge by die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate vir die jaar tot 31 Maart

1. Algemene inligting

Naspers Beperk (Naspers) is 'n internasionale internet- en vermaakgroep en een van die grootste tegnologiebeleggers in die wêreld. Die maatskappy is in 1915 gestig en is nou in meer as 120 lande en markte met langtermyn-groeipotensiaal bedrywig. Naspers bou vooraanstaande maatskappye wat mense bemagtig en gemeenskappe verryk. Naspers bedryf van die wêreld se voorste platforms ten opsigte van die internet, videovermaak en media.

2. Aanbiedingsgrondslag en rekeningkundige beleid

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2017 is opgestel in ooreenstemming met die noteringsvereistes van die JSE Beperk (JSE) aandelebeurs (die Noteringsvereistes) met betrekking tot opgesomde gekonsolideerde finansiële state en die bepalings van die Maatskappywet Nr 71 van 2008. Volgens die Noteringsvereistes moet voorlopige verslae opgestel word ooreenkomstig die raamwerkkonsepte en die metings- en erkenningsvereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), die SAICA Riglyne vir Finansiële Verslagdoening soos uitgereik deur die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke, en Finansiële Uitsprake soos uitgereik deur die Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en minstens ook die inligting bevat wat deur IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening* vereis word. Die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate sluit nie al die openbaarmakings in wat vir volledige finansiële jaarstate opgestel ooreenkomstig IFRS vereis word soos uitgereik deur die Internasionale Raad vir Rekeningkundige Standaarde (IASB) nie. Die rekeningkundige beleid wat gevolg is met die opstel van die gekonsolideerde finansiële jaarstate, waaruit die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate verkry is, strook met die beleid wat in die vorige gekonsolideerde finansiële jaarstate toegepas is.

Die groep het alle nuwe en gewysigde rekeningkundige verklarings aanvaar wat deur die IASB uitgereik is en van toepassing is op finansiële jare wat op 1 April 2016 in werking getree het. Nie een van die nuwe of gewysigde rekeningkundige verklarings wat geld vir die finansiële jaar wat op 1 April 2016 begin het, het 'n wesenlike uitwerking op die groep gehad nie.

Die groep se rapporteerbare segmente weerspieël die komponente van die groep wat gereeld nagegaan word deur die uitvoerende hoof en ander senior bestuurders wat strategiese besluite neem. Die groep konsolideer sy aandeel in die resultate van sy geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings proporsioneel in sy rapporteerbare segmente.

Handelswins sluit amortisasie van ontasbare bates (behalwe sagteware), ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalingskoste met betrekking tot transaksies wat deur die uitgifte van tesourie-aandele vereffen word, uitgawes ten opsigte van retensie-opsies en ander winste of verliese uit, maar sluit die finansieringskoste van transpondeerder-bruikhuurkontrakte in.

Kernwesensverdienste sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit vir aandeelhouers 'n nuttige maatstaf van die groep se volhoubare bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n omskrewe term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye gerapporteer word nie.

3. Onafhanklike oudit

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate is geouditeer deur die maatskappy se ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk. (PwC). Die individuele ouditeur wat aangewys is om die oudit uit te voer, is Brendan Deegan. PwC se ongekwalifiseerde ouditverslae oor die gekonsolideerde finansiële jaarstate en die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate is ter insae by die geregistreerde kantoor van die maatskappy beskikbaar. Die ouditeursverslag dek nie noodwendig al die inligting wat in hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate vervat is nie. Om 'n volledige begrip van die aard van die ouditeur se werk te kry, word aandeelhouers dus aangeraai om 'n afskrif van die ouditeursverslag saam met die gekonsolideerde finansiële jaarstate by die geregistreerde kantoor van die maatskappy te kry. Hierdie dokumente sal vanaf 23 Junie 2017 by die geregistreerde kantoor van die maatskappy beskikbaar wees. Die finansiële jaarstate, asook die geïntegreerde jaarverslag, sal op of om en by 21 Julie 2017 by **www.naspers.com** beskikbaar wees.

Aantekeninge by die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate (vervolg)

4. Berekening van wesens- en kernwesensverdienste

	31 Maart	
	2017	2016
	VS$'m	VS$'m
Netto wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	**2 921**	994
Aangesuiwer vir:		
– versekeringsopbrengs	**–**	(1)
– waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates	**26**	43
– waardedaling van klandisiewaarde en ander ontasbare bates	**28**	155
– verlies met verkoop van bates	**1**	3
– verlies met hermeting van vervreemdingsgroepe gehou vir verkoop na billike waarde minus vervreemdingskoste	**2**	88
– winste uit verkrygings en verkope van beleggings	**(2 219)**	(110)
– hermeting van bestaande belang	**–**	(348)
– verwateringsverliese/(-winste) van ekwiteitsverantwoorde beleggings	**119**	(104)
– hermetings ingesluit by ekwiteitsverantwoorde resultate	**(102)**	(125)
– waardedaling van ekwiteitsverantwoorde beleggings	**–**	55
	776	650
Totale belastingeffek van aansuiwerings	**(17)**	54
Totale nie-beherende belang in aansuiwerings	**13**	(3)
Wesensverdienste	**772**	701
Aangesuiwer vir:		
– aandeelvereffende aandeelskemakoste	**296**	218
– erkenning van uitgesteldebelasting-bates	**–**	(1)
– amortisasie van ander ontasbare bates	**467**	230
– billikewaarde-aansuiwerings en valutaomrekeningsverskille	**172**	90
– retensie-opsie-uitgawe	**1**	2
– besigheidsamevoegingsverwante verliese	**44**	6
Kernwesensverdienste	**1 752**	1 246

Die verwaterde verdienste, wesensverdienste en kernwesensverdienste per aandeelsyfers, aangebied in die inkomstestaat, sluit 'n afname van VS$24m (2016: VS$20m) in wat verband hou met die toekomstige verwateringsimpak van potensiële gewone aandele uitgereik deur ekwiteitsverantwoorde beleggings.

Aantekeninge by die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate (vervolg)

5. Rente ontvang/(betaal)

	31 Maart 2017 VS$'m	2016 VS$'m
Rente ontvang	**70**	40
– lenings en bankrekeninge	**56**	37
– ander	**14**	3
Rente betaal	**(278)**	(292)
– lenings en bankoortrekkings	**(198)**	(207)
– transpondeerderhure	**(46)**	(33)
– ander	**(34)**	(52)
Ander netto finansierings(koste)/-inkomste	**(259)**	(100)
– netto valutaverskille en billikewaarde-aansuiwerings op afgeleide finansiële instrumente	**(259)**	(102)
– voorkeurdividende ontvang	**–**	2

6. Ekwiteitsverantwoorde resultate

Die groep se ekwiteitsverantwoorde beleggings het soos volg tot die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate bygedra:

	31 Maart 2017 VS$'m	2016 VS$'m
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate	**1 829**	1 289
– verkoop van bates	**3**	–
– vervreemding van beleggings	**(381)**	(251)
– waardedaling van beleggings	**268**	180
Bydrae tot wesensverdienste	**1 719**	1 218
– amortisasie van ander ontasbare bates	**404**	174
– aandeelvereffende aandeelskemakoste	**268**	191
– billikewaarde-aansuiwering en valutaomrekeningsverskille	**–**	6
Bydrae tot kernwesensverdienste	**2 391**	1 589
Tencent	**2 535**	1 797
Mail.ru	**52**	45
Ander	**(196)**	(253)

Dit is die groep se beleid om 'n gepaste naloopperiode toe te pas in die verslagdoening van die resultate van ekwiteitsverantwoorde beleggings waarvan die jaareindes nie met dié van Naspers Beperk ooreenstem nie.

Aantekeninge by die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate (vervolg)

7. Wins voor belasting

Afgesien van die items reeds toegelig, is wins voor belasting bepaal nadat, onder andere, die volgende in ag geneem is:

	31 Maart 2017 VS$'m	2016 VS$'m
Waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting	**214**	186
Amortisasie	**128**	94
– ander ontasbare bates	**99**	67
– sagteware	**29**	27
Afskrywings van voorraad na netto realiseerbare waarde, netto van terugskrywings[1]	**51**	78
Ander netto (verliese)/-winste	**(57)**	(292)
– verlies met verkoop van bates	**(1)**	(3)
– waardedaling van klandisiewaarde en ander ontasbare bates	**(30)**	(155)
– waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting en ander bates	**(26)**	(43)
– hermeting van vervreemdingsgroepe gehou vir verkoop na billike waarde minus vervreemdingskoste	**(2)**	(88)
– dividende ontvang vanuit beleggings	**1**	–
– versekeringsopbrengs	**–**	1
– billikewaarde-aansuiwerings op finansiële instrumente	**1**	(4)
Winste uit verkrygings en verkope	**2 169**	452
– wins met verkoop van beleggings	**1 990**	110
– winste erken op verlies van beheertransaksies	**228**	–
– hermeting van toekomstige voorwaardelike betalings	**1**	2
– verkrygingsverwante koste	**(50)**	(8)
– hermeting van bestaande belang	**–**	348

Aantekening

[1] Netto realiseerbare waarde-afskrywings hou hoofsaaklik verband met dekodeerdersubsidies in die videovermaak-segment.

8. Klandisiewaarde

Klandisiewaarde is aan 'n jaarlikse evaluering van waardedaling onderworpe. Bewegings in die groep se klandisiewaarde vir die jaar word hieronder toegelig:

	31 Maart 2017 VS$'m	2016 VS$'m
Klandisiewaarde		
– kosprys	**3 175**	2 170
– opgelope waardedaling	**(357)**	(279)
Openingsaldo	**2 818**	1 891
– valutaomrekeningsverskille	**210**	(26)
– verkrygings van filiale en besighede	**244**	1 260
– vervreemdings van filiale en besighede	**(786)**	(7)
– oorgedra na bates geklassifiseer as gehou vir verkoop	**(37)**	(155)
– waardedaling	**(5)**	(145)
– hermeting na billike waarde minus vervreemdingskoste	**(2)**	–
Sluitingsaldo	**2 442**	2 818
– kosprys	**2 790**	3 175
– opgelope waardedaling	**(348)**	(357)

Aantekeninge by die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate (vervolg)

9. Beleggings en lenings

Die volgende hou verband met die groep se beleggings en lenings aan die einde van die verslagdoeningstydperk:

	31 Maart	
	2017	2016
	VS$'m	VS$'m
Beleggings en lenings	**10 945**	7 900
– genoteerde beleggings	**10 127**	6 977
– ongenoteerde beleggings en lenings	**818**	923

10. Verpligtinge en voorwaardelike aanspreeklikhede

Verpligtinge hou verband met bedrae waarvoor die groep gekontrakteer het maar wat nog nie as verpligtinge in die staat van finansiële posisie erken is nie.

	31 Maart	
	2017	2016
	VS$'m	VS$'m
Verpligtinge	**2 464**	3 254
– kapitaalbesteding	**13**	16
– program- en rolprentregte	**2 015**	2 245
– netwerk- en ander diensverpligtinge	**158**	176
– transpondeerder-bruikhuurkontrakte	**–**	573
– bedryfshuurverpligtinge	**163**	207
– dekodeerderverpligtinge	**115**	37

Die groep bedryf 'n aantal ondernemings in jurisdiksies waar belastings op sekere transaksies of betalings betaalbaar is. Die groep win steeds toepaslike advies in en werk saam met ons adviseurs om sulke belastingblootstellings te identifiseer en te kwantifiseer. Ons huidige raming van moontlike terughou- en belastingblootstellings, insluitend rente en moontlike boetes, bedra sowat VS$256.7m (2016: VS$216.8m). Geen voorsienings is teen 31 Maart 2017 of 2016 geskep in verband met hierdie moontlike blootstellings nie.

11. Vervreemdingsgroepe geklassifiseer as gehou vir verkoop

Ná die aankondiging van die ontbondeling van die grootste gedeelte van die groep se belang in sy filiaal Novus Beherend Beperk (Novus), wat in die Suid-Afrikaanse drukmedia-industrie bedrywig is, het die groep op 31 Maart 2017 die bates en laste van Novus as gehou vir verkoop geklassifiseer. Die ontbondeling is onderhewig aan afhandeling ooreenkomstig regulatoriese vereistes. Novus maak deel uit van die mediasegment.

Die groep het in Maart 2017 'n ooreenkoms onderteken vir die verkoop van sy gesamentlike onderneming Souq Group Limited (Souq). Gevolglik is die belegging as gehou vir verkoop geklassifiseer. Souq maak deel uit van die e-handelsegment. Verwys na aantekening 15 vir inligting rakende die afhandeling van die groep se vervreemding van Souq ná die jaareinde.

Die bates en laste van verskeie ander kleiner besighede is ook gedurende die jaar as gehou vir verkoop geklassifiseer. Die vervreemdings van hierdie besighede is onderhewig aan regulatoriese en ander goedkeurings.

Die groep het gedurende Mei en Julie 2016 onderskeidelik die vervreemdings van sy filiale, Heureka en Netretail, beklink nadat regulatoriese goedkeuring ontvang is. Hierdie besighede was teen 31 Maart 2016 as gehou vir verkoop geklassifiseer. Die groep het verder in November 2016 die vervreemding van sy filiaal INET BFA beklink – dié besigheid is op 30 September 2016 as gehou vir verkoop geklassifiseer. Verwys na aantekening 12 vir verdere inligting.

Aantekeninge by die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate (vervolg)

11. Vervreemdingsgroepe geklassifiseer as gehou vir verkoop (vervolg)

Die drabedrae van die bates en laste van alle vervreemdingsgroepe wat teen 31 Maart 2017 as gehou vir verkoop geklassifiseer is, word hieronder toegelig:

	31 Maart	
	2017	2016
	VS$'m	VS$'m
Bates	**403**	226
Eiendom, aanleg en toerusting	**176**	28
Klandisiewaarde en ander ontasbare bates	**35**	124
Belegging in gesamentlike onderneming	**102**	4
Uitgesteldebelasting-bates	**7**	1
Voorraad	**26**	38
Handels- en ander debiteure	**34**	19
Kontant en kontantekwivalente	**23**	12
Verpligtinge	**70**	97
Uitgesteldebelasting-verpligtinge	**19**	9
Langtermynverpligtinge	**6**	2
Bankoortrekkings	**–**	12
Handelskrediteure	**18**	39
Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste	**27**	35

Die groep het gedurende die jaar 'n verlies van VS$1.6m 2016: VS$87.7m) as deel van "Ander (verliese)/winste" in die inkomstestaat erken met die hermeting van die bates en laste van besighede geklassifiseer as gehou vir verkoop na hul billike waarde minus vervreemdingskoste. Die billike waarde van hierdie besighede is vasgestel met verwysing na derdeparty verkoopprys. Die verteenwoordig 'n vlak-3 billikewaarde-meting.

12. Besigheidsamevoegings, ander verkrygings en vervreemdings

Die groep het in November 2016 'n 100%-belang in Citrus Pay, 'n toonaangewende Indiese betalingsplatformoperateur, verkry om sy betalingsbesigheid se voetspoor in Indië te vergroot. Citrus Pay vorm deel van PayU, die groep se wêreldwye aanlynbetalingsdiensteverskaffer se Indiese bedrywighede. Hierdie transaksie is as 'n besigheidsamevoeging verantwoord. Die totale koopsom het VS$112m bedra. 'n Diensverwante vooruitbetaling van VS$18m is daarbenewens as 'n transaksie afsonderlik van die besigheidsamevoeging erken. Dié bedrag sal oor die betrokke dienstydperk in die inkomstestaat erken word. Die koopprystoekenning: netto skuld VS$1m; netto bedryfskapitaal VS$2m; ontasbare bates VS$15m; uitgesteldebelasting-verpligting VS$5m en die balans van VS$105m aan klandisiewaarde. Die hooftipes ontasbare bates wat in die besigheidsamevoeging erken is, was handelsmerke, klantebasisse en tegnologie.

In Julie 2016 het die groep, as deel van sy strategie om die groeiende VS-aanlyngeklassifiseerdeadvertensie-mark te konsolideer, die VS-bedrywighede van Wallapop S.L. (Wallapop) met sy letgo-onderneming saamgesmelt. As teenprestasie vir die bydrae van Wallapop se onderneming en kontant van VS$45m het die groep aan Wallapop 'n 45%-aandeelhouding in 'n nuutgevormde entiteit uitgereik – die groep hou die oorblywende 55%- belang. Die transaksie is as 'n besigheidsamevoeging verantwoord. Die totale geagte koopsom het VS$126m bedra en verteenwoordig die billike waarde van die ekwiteitsbelang wat aan Wallapop uitgereik is. Gegewe die vroeë-fase aard van die besigheidsmodel het die transaksie tot die erkenning van klandisiewaarde van VS$126m aanleiding gegee. 'n Nie-beherende belang van VS$45m is erken na aanleiding van die besigheidsamevoeging.

Die grootste bydraende faktor tot die klandisiewaarde in hierdie verkrygings is hul markteenwoordigheid. Hierdie klandisiewaarde sal na verwagting nie vir belastingdoeleindes aftrekbaar wees nie. Totale verkrygingsverwante koste van VS$2m is as deel van "Wins met verkrygings en verkope" in die inkomstestaat erken in verband met bogenoemde verkrygings.

Sedert die verkrygingsdatums van die bogenoemde transaksies is omset van VS$8m en netto verliese van VS$182m in die inkomstestaat ingesluit. Indien die omset en netto resultate van die verkreë besighede sedert 1 April 2016 gekonsolideer was, sou groep-omset en netto wins onderskeidelik VS$6.11mjd en VS$2.80mjd bedra het.

Aantekeninge by die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate (vervolg)

12. Besigheidsamevoegings ander verkrygings en vervreemdings (vervolg)

Die onderstaande hou verband met die groep se beleggings in sy ekwiteitsverantwoorde beleggings:

Die groep het sy eerste belegging wat die opvoedkundige tegnologiemark teiken, beklink deur VS$13m (23.6% ten volle verwaterde belang) in sosiale onderrignetwerk Brainly te belê (Mei 2016). Die groep het verder VS$70m (10.6% ten volle verwaterde belang) in Udemy (Junie en Oktober 2016), 'n aanlynopvoedkundige markplek met meer as 7m geregistreerde studente, belê asook VS$22m (19.2% ten volle verwaterde belang) in Codecademy (Junie 2016), 'n toonaangewende globale platform wat op aanlynprogrammeringsonderrig toegespits is. Die groep verantwoord die belange as beleggings in geassosieerdes.

In Januarie 2017 het die groep sy Indiese aanlynreisbesigheid, ibibo, met MakeMyTrip Limited, wat op die Nasdaq genoteer is, saamgesmelt in ruil vir 'n 40%-belang in MakeMyTrip Limited op 'n ten volle verwaterde grondslag. 'n Wins met vervreemding van VS$228m is na afloop van die transaksie as deel van "Wins met verkrygings en verkope" in die inkomstestaat erken. Die groep verantwoord sy belang as 'n belegging in 'n geassosieerde.

Onderstaande hou verband met die groep se beduidende vervreemdings gedurende die verslagdoeningstydperk:

In Mei 2016 het die groep sy Tsjeggiese vergelykende aanlyninkopieplatform, Heureka, vir 'n kontantopbrengs van VS$67m verkoop nadat regulatoriese goedkeuring verkry is. 'n Wins met verkoop van VS$61m is na die transaksie as deel van "Wins met verkrygings en verkope" in die inkomstestaat erken.

Gedurende Julie 2016 het die groep sy belang in Netretail, sy Tsjeggiese e-kleinhandels- en e-handelsplatform, vir 'n kontantopbrengs van VS$102m verkoop. 'n Verlies met verkoop van VS$28m is erken as deel van "Wins met verkrygings en verkope" in die inkomstestaat.

In Januarie 2017, ná ontvangs van regulatoriese goedkeuring, het die groep die vervreemding van Allegro.pl en Ceneo.pl, die toonaangewende aanlynmarkplek en -prysvergelykingsbesighede in Pole, vir 'n netto opbrengs van VS$3.21mjd beklink. 'n Wins met vervreemding van VS$1.94mjd is na afloop van die transaksie as deel van "Wins met verkrygings en verkope" in die inkomstestaat erken.

Beleggings verkry en befondsingsrondtes waaraan deelgeneem is, was hoofsaaklik befonds deur die aanwending van bestaande kredietfasiliteite en die opbrengs van vervreemdings gedurende die verslagdoeningstydperk.

13. Finansiële instrumente

Die billike waardes van die groep se finansiële instrumente wat op elke verslagdoeningsdatum teen billike waarde gedra word, word as volg geklassifiseer:

	Billikewaarde-metings op 31 Maart 2017 gegrond op:		
	Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of verpligtinge (vlak 1) VS$'m	Beduidende ander waarneembare insette (vlak 2) VS$'m	Beduidende onwaarneembare insette (vlak 3) VS$'m
Bates			
Beskikbaar-vir-verkoop beleggings	**11**	**2**	**–**
Valutatermynkontrakte	**–**	**2**	**–**
Wisselkoersverswakkingsklousules	**–**	**–**	**6**
Verpligtinge			
Valutatermynkontrakte	**–**	**106**	**–**
Aandeelhouersverpligtinge	**–**	**–**	**18**
Toekomstige voorwaardelike betalings	**–**	**–**	**24**
Rentekoersruilooreenkomste	**–**	**8**	**–**

Aantekeninge by die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate (vervolg)

13. Finansiële instrumente (vervolg)

	Billikewaarde-metings op 31 Maart 2016 gegrond op:		
	Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of verpligtinge (vlak 1) VS$'m	Beduidende ander waarneembare insette (vlak 2) VS$'m	Beduidende onwaarneembare insette (vlak 3) VS$'m
Bates			
Beskikbaar-vir-verkoop beleggings	12	–	–
Valutatermynkontrakte	–	48	–
Wisselkoers verswakkingsklousules	–	–	11
Verpligtinge			
Valutatermynkontrakte	–	17	–
Aandeelhouersverpligtinge	–	–	13
Toekomstige voorwaardelike betalings	–	–	22
Rentekoersruilooreenkomste	–	21	–

Daar was geen oordragte tussen vlakke 1 en 2 gedurende die verslagdoeningstydperk nie en daar was geen beduidende veranderings aan waardasietegnieke of die insette wat gebruik word om billike waarde te meet nie.

Wisselkoersverswakkingsklousules hou verband met klousules in program-aankoopooreenkomste wat aan die groep beskerming teen wesenlike wisselkoersverswakkings verleen. Die billike waarde van wisselkoersverswakkingsklousules word gemeet deur gebruik te maak van verdiskonteerde kontantvloeitegnieke.

Die billike waarde van aandeelhouersverpligtinge word bepaal deur 'n verdiskonteerde kontantvloeimodel te gebruik.

Besigheidspesifieke aangepaste diskontokoerse word op geraamde toekomstige kontantvloei toegepas. Vir toekomstige voorwaardelike betalings verdiskonteer die groep huidige vooruitskattings van die mate waartoe bestuur glo dat prestasiekriteria nagekom sal word teen koerse wat die tydwaarde van geld weerspieël. Kontraktueel – gespesifiseerde kontantvloei word gebruik. Veranderings in hierdie aannames kan die gerapporteerde billike waarde van hierdie finansiële instrumente beïnvloed. Die billike waarde van vlak 2- finansiële instrumente word bepaal met behulp van wisselkoerse wat in 'n aktiewe mark gekwoteer word en rentekoerse wat uit waarneembare opbrengskrommes verkry word.

Finansiële instrumente waarvan die billike waarde geopenbaar word:

Finansiële verpligtinge	**Dra-bedrag VS$'m**	**Billike waarde VS$'m**
31 Maart 2017		
Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge [1]	**1 211**	**1 199**
Genoteerde skuldeffekte	**2 900**	**3 041**
31 Maart 2016		
Gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge	836	865
Genoteerde skuldeffekte	2 900	3 029

Aantekening

[1] *Sluit finansiële verpligtinge gehou vir verkoop in.*

Die billike waarde van die gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge is bepaal deur verdiskonteerde kontantvloei-tegnieke. Die billike waarde van effekte wat openbaar verhandel, is bepaal met verwysing na die genoteerde pryse van die instrumente op die verslagdoeningsdatum.

Aantekeninge by die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate (vervolg)

14. Verwanteparty-transaksies en saldos

Die groep het in die gewone loop van sake verskeie verwanteparty-transaksies gesluit. Daar was geen beduidende veranderinge in verwanteparty-transaksies en saldo's sedert die vorige verslagdoeningstydperk nie.

15. Gebeure ná die verslagtydperk

In April 2017 het die groep 'n ooreenkoms onderteken om 'n beherende belang in sy geassosieerde Takealot Online (RF) Proprietary Limited (Takealot) te verkry vir ongeveer R960m (VS$73m). Ná die belegging sal die groep 'n ten volle verwaterde belang van 53.6% hou en Takealot as filiaal konsolideer. Die transaksie is onderhewig aan regulatoriese goedkeuring.

Die groep het in April 2017 'n addisionele belegging van VS$71m in sy geassosieerde Flipkart Limited (Flipkart) gemaak. Die addisionele belang is vanaf Flipkart se bestaande aandeelhouers verkry. Ná die belegging hou die groep 'n 16.0% belang in Flipkart op 'n ten volle verwaterde grondslag.

Die groep het in Mei 2017 'n addisionele VS$132m in sy geassosieerde MakeMyTrip Limited (MakeMyTrip) belê as deel van 'n befondsingsrondte. Na die belegging hou die groep 'n 40%- ten volle verwaterde belang in MakeMyTrip.

In Mei 2017 het die groep €387m (ongeveer VS$434m) in Delivery Hero GmbH, 'n aanlynkosaflewering-markplek wat in meer as 40 lande wêreldwyd handel dryf, belê vir 'n 10%- ten volle verwaterde belang.

Gedurende Mei 2017 het die groep hom verbind tot 'n belegging van €110m (ongeveer US$120m) in Kreditech Holding SSL GmbH (Kreditech), 'n verskaffer van verbruikerslenings en finansiële dienste. Die belegging is 'n kombinasie van 'n inskrywing op nuwe aandele asook die koop van aandele vanaf bestaande aandeelhouers vir 'n gesamentlike bedrag van €90m en die toestaan van 'n omskepbare lening van €20m in die toekoms. Die belegging vorm deel van die groep se kredietdienste-strategie wat sal voortgaan om die groep as 'n toonaangewende finteg-verskaffer te vestig in hoë-groei markte. Nadat die belegging gefinaliseer is (met uitsluiting van die omskepbare lening), sal die groep 'n 37.6%-belang in Kreditech hou.

Die groep het in Mei 2017 die verkoop van sy belegging in Souq Group Limited beklink. Die opbrengs met vervreemding het VS$173m beloop.

In Junie 2017 het die groep INR3.9bn (ongeveer VS$60m) in Bundl Technologies Private Limited (Swiggy) belê. Swiggy bedryf 'n eersteparty kosafleweringsmarkplek in Indië. Ná die belegging, hou die groep 'n 14.8%-belang in Swiggy op 'n ten volle verwaterde grondslag.

Aantekeninge by die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate (vervolg)

16. Pro forma- finansiële inligting

Die groep het sekere omset- en handelswinsaanduiders in plaaslikegeldeenheid-terme, aangepas vir verkrygings en verkope, (die pro forma- finansiële inligting) aangebied in die tabelle wat volg. Naspers Beperk se direksie (die direksie) is verantwoordelik vir die pro forma- finansiële inligting en sodanige inligting word ter illustrasie aangebied. Inligting wat op 'n pro forma-grondslag aangebied word, is uit die groep se bestuursverslae verkry en die direksie is tevrede met die gehalte daarvan.

Weens die aard van die pro forma- finansiële inligting en die feit dat dit uit die groep se bestuursrekeninge verkry is, word aandeelhouers ingelig dat dié inligting moontlik nie die groep se finansiële posisie, veranderinge in ekwiteit, resultate van bedrywighede of kontantvloei redelik weergee nie.

Die pro forma- finansiële inligting is voorberei ten einde die impak van skommelinge in buitelandse wisselkoerse en veranderinge in die samestelling van die groep op sy resultate vir die jaar tot 31 Maart 2017 te illustreer.
Die metodologie wat toegepas is in die berekening van die pro forma- finansiële inligting word hieronder toegelig:

1. Buitelandse valuta-/konstantegeldeenheidaanpassings is bereken deur die huidige tydperk se resultate aan te pas teen die vorige tydperk se gemiddelde wisselkoerse. Hierdie wisselkoerse is die gemiddelde maandelikse wisselkoerse van die vorige tydperk. Die organiese pro forma- finansiële inligting is bereken deur die konstantegeldeenheidresultate, bereken soos hierbo uiteengesit, te vergelyk met die vergelykende tydperk se IFRS-resultate. Die relevante wisselkoerse (relatief tot die Amerikaanse dollar) wat gebruik is vir die mees beduidende geldeenhede was: Suid Afrikaanse rand (2017: 0.0713; 2016: 0.0721); Poolse zloty (2017: 0.2516; 2016: 0.2604); Russiese roebel (2017: 0.0159; 2016: 0.0156); Chinese yuan renminbi (2017: 0.1483; 2016: 0.1572); Indiese roepee (2017: 0.0149; 2016: 0.0152); Brasiliaanse real (2017: 0.3061; 2016: 0.2753); en Nigeriese naira (2017: 0.0035; 2016: 0.0050).
2. Aanpassings gemaak vir veranderinge in die samestelling van die groep, hou verband met verkrygings en vervreemdings van filiale en ekwiteitsverantwoorde beleggings, asook veranderinge in die groep se aandeelhouding in sy ekwiteitsverantwoorde beleggings. Aanpassings is gemaak vir die volgende beduidende veranderinge in die samestelling van die groep wat gedurende die tydperk plaasgevind het, ten einde die pro forma- finansiële inligting te bereken:

Transaksie	Soort belegging	Rapporteerbare segment	Verkryging/ Vervreemding
Verwatering van die groep se belang in Tencent	Geassosieerde	Internet	Vervreemding
Verwatering van die groep se belang in Mail.ru en die verkoop deur Mail.ru van Headhunter	Geassosieerde	Internet	Vervreemding
Verwatering van die groep se belang in Souq	Gesamentlike onderneming	e-Handel	Vervreemding
Verkryging van die groep se belang in letgo	Filiaal	e-Handel	Verkryging
Verkryging van die groep se belang in Avito	Filiaal	e-Handel	Verkryging
Verkryging van die groep se belang in Citrus Pay	Filiaal	e-Handel	Verkryging
Vervreemding van ibibo in die samesmelting met MakeMyTrip	Filiaal	e-Handel	Vervreemding
Vervreemding van Allegro en Ceneo	Filiaal	e-Handel	Vervreemding
Vervreemding van Netretail	Filiaal	e-Handel	Vervreemding
Vervreemding van Heureka	Filiaal	e-Handel	Vervreemding
Vervreemding van Korbitec	Filiaal	e-Handel	Vervreemding

Die netto aanpassing gemaak vir alle verkrygings en vervreemdings wat gedurende die typerk plaasgevind het, was 'n negatiewe aansuiwering van VS$309m aan omset en 'n negatiewe aansuiwering van VS$45m aan handelswins.

Die groep se eksterne ouditeur het wel 'n gerusstellingsverslag uitgereik rakende die pro forma- finansiële inligting en hierdie verslag is by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar.

Aantekeninge by die opgesomde gekonsolideerde finansiële resultate (vervolg)

16. Pro forma- finansiële inligting (vervolg)

Aansuiwerings gemaak aan bedrae gerapporteer kragtens IFRS, ten einde die pro forma- finansiële inligting te bereken, word in die onderstaande tabel toegelig:

		Jaar tot 31 Maart						
	2016 A	**2017 B**	**2017 C**	**2017 D**	**2017 E**	**2017 F[2]**	**2017 G[3]**	**2017 H[4]**
	IFRS VS$'m	**Groep-same-stelling vervreem-dings-aanpassing VS$'m**	**Groep-same-stelling ver-krygings-aanpassing VS$'m**	**Buite-landse valuta-aanpas-sing VS$'m**	**Plaaslike-geldeen-heid-groei VS$'m**	**IFRS VS$'m**	**Plaaslike-geldeen-heid-groei %-verander-ing**	**IFRS %-verander-ing**
Omset[1]								
Internet	8 237	(457)	157	(502)	3 186	10 621	**41**	**29**
– e-Handel	2 647	(418)	151	(51)	600	2 929	**27**	**11**
– Tencent	5 417	(28)	–	(454)	2 571	7 506	**48**	**39**
– Mail.ru	173	(11)	6	3	15	186	**9**	**8**
Videovermaak	3 413	(2)	–	(245)	235	3 401	**7**	**–**
Media	608	(7)	–	(8)	(5)	588	**(1)**	**(3)**
Korporatiewe dienste	1	–	–	–	1	2	**100**	**100**
Intersegmenteel	(35)	–	–	(1)	(14)	(50)		
Ekonomiese belang	12 224	(466)	157	(756)	3 403	14 562	**29**	**19**
Handelswins[1]								
Internet	1 619	(2)	(43)	(167)	1 047	2 454	**65**	**52**
– e-Handel	(693)	16	(42)	22	(34)	(731)	**(5)**	**(9)**
– Tencent	2 246	(12)	–	(189)	1 080	3 125	**48**	**(5)**
– Mail.ru	66	(6)	(1)	–	1	60	**2**	**39**
Videovermaak	610	–	–	(125)	(198)	287	**(32)**	**(53)**
Media	29	–	–	–	(10)	19	**(34)**	**(34)**
Korporatiewe dienste	(12)	–	–	1	(3)	(14)	**(25)**	**(17)**
Ekonomiese belang	2 246	(2)	(43)	(291)	836	2 746	**37**	**22**
Ander metings gerapporteer[1]								
Ontwikkelings-besteding[5]								
– ekonomiese belang	961	–	51	(1)	73	1 084	**8**	**13**
– gekonsolideer	708	–	54	8	91	861	**13**	**22**
Gekonsolideerde omset	5 930	(395)	138	(295)	720	6 098	**13**	**3**
Gekonsolideerde e-handelsomset	1 966	(389)	138	(41)	499	2 173	**32**	**11**
Geklassifiseerde-advertensie-omset	217	(19)	114	(13)	127	426	**64**	**96**
Avito-omset	54	–	114	7	29	204	**54**	**278**
Betalingsomset	140	–	8	(7)	45	186	**32**	**33**

Kernwesensverdienste beloop VS$2.01mjd in plaaslike geldeenhede.

Aantekening

[1] Alle bedrae aangebied, is gemeet op die grondslag van ekonomiese belang tensy anders vermeld.
[2] A + B + C + D + E.
[3] [E/(A+B)] x 100.
[4] [(F/(A)–1)] x 100.
[5] Ontwikkelingsbesteding is nie 'n IFRS-meting nie en het gevolglik nie 'n IFRS-ekwivalent nie. Sodanige bedrag is gevolglik ook uitgesluit van die gerusstellingsverslag uitgereik deur die groep se eksterne ouditeur.

Onafhanklike ouditeur se verslag oor die opgesomde gekonsolideerde finansiële state

AAN DIE AANDEELHOUERS VAN NASPERS BEPERK

Mening

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state, soos uiteengesit in die meegaande voorlopige verslag, wat bestaan uit die opgesomde gekonsolideerde staat van finansiële stand soos op 31 Maart 2017, die opgesomde gekonsolideerde inkomstestaat en opgesomde gekonsolideerde state van omvattende inkomste, veranderings in ekwiteit en kontantvloeie vir die jaar geëindig, en verwante aantekeninge, is opgestel vanuit die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Naspers Beperk vir die jaar geëindig 31 Maart 2017.

Na ons mening, is die meegaande opgesomde gekonsolideerde finansiële state konsekwent, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, ooreenkomstig die JSE Beperk (JSE) se Noteringsvereistes vir voorlopige verslae, soos uiteengesit in aantekening 2 tot die opgesomde gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële State

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state bevat nie alle openbaarmaking soos vereis deur 'International Financial Reporting Standards' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos toepaslik op finansiële jaarstate nie. Die lees van die opgesomde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop kan gevolglik nie as plaasvervanger vir die lees van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop gesien word nie.

Die Geouditeerde Gekonsolideerde Finansiële State en Ons Verslag Daarop

Ons het 'n ongekwalifiseerde ouditmening uitgespreek op die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state in ons verslag gedateer 23 Junie 2017. Daardie verslag sluit ook kommunikasie in oor sleutel-ouditaangeleenthede. Sleutel-ouditaangeleenthede is daardie aangeleenthede wat volgens ons professionele oordeel van die mees beduidende was in ons oudit van die gekonsolideerde finansiële state vir die huidige jaar.

Direkteure se Verantwoordelikheid vir die Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële State

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig die JSE se Noteringsvereistes vir voorlopige verslae, soos uiteengesit in aantekening 2 tot die opgesomde gekonsolideerde finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

Ouditeur se Verantwoordelikheid

Ons verantwoordelikheid is om 'n mening uit te spreek of die opgesomde gekonsolideerde finansiële state konsekwent is, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, gebaseer op ons prosedures, wat ooreenkomstig die 'International Standard on Auditing (ISA) 810 (Revised)', "Engagements to Report on Summary Financial Statements", uitgevoer is.

PricewaterhouseCoopers Geïnk

Direkteur: Brendan Deegan
Geregistreerde ouditeur

Kaapstad
23 Junie 2017

Administrasie en korporatiewe inligting

Naspers Beperk
In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer
(Registrasienommer 1925/001431/06)
(Naspers)
JSE-deelkode: NPN ISIN: ZAE000015889
LSE-deelkode: NPSN ISIN: US 6315121003

Direkteure
J P Bekker (voorsitter), B van Dijk (uitvoerende hoof), E M Choi, H J du Toit, C L Enenstein, D G Eriksson, R C C Jafta, F L N Letele, G Liu, D Meyer, R Oliveira de Lima, S J Z Pacak, T M F Phaswana, V Sgourdos, M R Sorour, J D T Stofberg, B J van der Ross

Maatskappysekretaris
G Kisbey-Green

Geregistreerde kantoor
Heerengracht 40, Kaapstad 8001, Suid-Afrika
(Posbus 2271, Kaapstad 8000, Suid-Afrika)

Oordragsekretaris
Link Market Services South Africa Eiendoms Beperk
13de verdieping, Rennie House, Ameshoffstraat 19, Braamfontein 2001, Suid-Afrika
(Posbus 4844, Johannesburg 2000, Suid-Afrika)

Borg
Investec Bank Beperk

ADB-program
Bank of New York Mellon bedryf 'n GlobalBuyDIRECT^{SM}-plan vir Naspers Beperk. Vir bykomende inligting, besoek gerus Bank of New York Mellon se webwerf by www.globalbuydirect.com of skakel Shareholder Relations by 1-888-BNY-ADRS of 1-800-345-1612 of skryf aan: Bank of New York Mellon, Shareholder Relations Department – GlobalBuyDIRECT^{SM}, Church Street Station, PO Box 11258, New York, NY 10286-1258, USA.

Belangrike inligting
Hierdie verslag bevat vooruitskouende verklarings soos gedefinieer in die Verenigde State se "Private Securities Litigation Reform Act" van 1995. Woorde soos "glo", "verwag", "voorneem", "beoog", "wil", "beplan", "kan", "mag", "streef" en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings te identifiseer nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en toekomsverwagtings verteenwoordig, kan verskeie risiko's, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeurtenisse of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouende verklarings wat hierin vervat is nie.